**'Armoede en Onderwys'**

**Toespraak deur prof H Russel Botman,**
**rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US),**
**by die Armoede-konferensie van die Nederduits-Gereformeerde Kerk**
**en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika**

**Sanlam-hoofkantoor, Bellville, 16 Maart 2011**

Dankie voorsitter. Goeie more, dames en here. *Good morning. Molweni.*

*I am glad to be here with you today. Poverty is an issue that is close to my heart, and it is also a major focus at my institution. In fact, eradicating poverty is one of the five key themes of Stellenbosch University's (SU) HOPE Project.*

*Ek gaan kortliks meer oor die HOOP Projek sê – ter inleiding tot my bespreking van die rol van onderwys in die stryd teen armoede. Dan sal ek na kennis en bemagtiging kyk, en afsluit met 'n paar praktiese voorstelle.*

***SU's HOPE PROJECT***

*Stellenbosch University's HOPE Project was born when we realised that South Africa's political liberation in 1994 did not bring freedom from hunger, disease, homelessness, exploitation, corruption, violence, pollution or unemployment.*

*Much more than the vote would be needed, and we realised that it was our duty as a university to use our key strengths – scientific and academic excellence – to tackle society's most serious challenges. We analysed the United Nation's Millennium Development Goals (MDGs) and our government's Medium-term Strategic Framework (MTSF), and came up with five focus areas:*

*(1) The eradication of endemic poverty and related conditions.*

*And the promotion of:*

*(2) Human dignity and health;*
*(3) Democracy and human rights;*
*(4) Peace and security; as well as*
*(5) A sustainable environment and a competitive industry.*

*The HOPE Project does not mean Stellenbosch University has become a development agency or an NGO. However, we think that part of what it entails to be a good institution of higher learning is to be of relevance to society and not sit isolated in an ivory tower.*

Die stryd teen armoede is as deel van die HOOP Projek ’n universiteitswye fokus by Stellenbosch. Ek is dus in die gunstige posisie dat ek kan staatmaak op die insigte van top-navorsers, wat ek in die loop van my praatjie met u sal deel.

**Kennis**

Hoe bring mens onderwys en armoedeverligting konseptueel met mekaar in verband?

Sowat 400 jaar gelede (in 1597) het die Britse filosoof en staatsman Francis Bacon gesê, “Kennis is mag.” Met dié stelling het hy die vuur help stook vir ’n omwenteling wat die wêreld in ’n relatiewe kort tydjie dramaties sou verander, naamlik die Wetenskaplike Revolusie.

Ander mylpale sluit in die Renaissance, die Verligting, die Industriële Revolusie, die Ruimte-era, en nou die Inligtingsera, met sy Kennisekonomie – wat die sirkel netjies voltooi: van die insig dat kennis mag is, tot die verheffing van kennis sigself na die belangrikste kommoditeit van die globale ekonomie.

**Onderwys**

Waar pas onderwys in? Dis oënskynlik eenvoudig. Onderwys gaan mos oor die oordrag van kennis van die een wat wéét na die oningeligte een, of hoe?

Nie heeltemal nie. Teenoor dié “leë lei”-model word die meer kritiese aanslag voorgehou, waarvolgens daar ’n wisselwerking tussen opvoeder en leerder bestaan. Kennis word sáám geskep, ontdek en toegepas.

Maar meer hieroor ’n bietjie later.

**Onderwys en inkomste**

Daar is aanduidings van ’n sterk verband tussen onderwys en inkomstevlakke. In Suid-Afrika verdien mense wat matriek met universiteitsvrystelling geslaag het gemiddeld byna tweemaal soveel as dié wat matriek gedruip het.

En ’n persoon met ’n meesters- of doktorsgraad sal in sy of haar leeftyd 432% meer verdien as iemand met net matriek.

*The following graphic – based on World Bank statistics – shows the link between education and income levels.*

*Knowledge has been found to be a chief determinant driving success and growth through its ability to reduce poverty. Tertiary education imparts knowledge and produces professionals who directly and indirectly impact on macroeconomic*

*institutions, the information and telecommunication infrastructure, the national system for innovation and the quality of human resources.*

*In this figure, the red dots are sub-Saharan countries, and the blue ones are the rest of the world. African countries have the lowest gross national income per capita, and also the lowest level of university enrolment – the point being that this is no coincidence.*

Die volgende skyfie beeld die vlakke van universiteitsinskrywing in verskillende lande en wêrelddele uit.

*In the USA, enrolment in tertiary institutions stands at 72% of the eligible age group. In Eastern European countries such as Slovenia and Russia, it is 60-64%. South Africa's rate is between 15 and 18% (although much higher among whites*

*than among blacks), while another important developing country like India's is 10%. In much of sub-Sahara Africa tertiary enrolment is at 3%, with cases as low as 0,3% (Teferra and Altbach, 2003).*

Hierdie statistieke is van belang omdat die meeste huishoudings se vernaamste bron van inkomste die broodwinner se salaris is.

Prof Servaas van der Berg van die US se Departement Ekonomie doen al lank navorsing oor die verband tussen onderwys en armoede. Hy het bevind dat mense wat nie ʼn goeie opvoeding kry nie, sukkel om werk te kry.

Hier ter sprake is die oorweldigende meerderheid leerders wat skool begin maar nie klaarmaak nie. Die tragedie is dat elkeen van hulle ʼn brug uit armoede vir hul gesinne en families kon gewees het.

Maar selfs kinders wat matriek verwerf vind dalk in die werkplek uit die gehalte van hul opvoeding is nie na wense nie – en dit lei ook tot armoede.

Nou, ons sukkel in Suid-Afrika met die gehalte van ons onderwys.

- Net 1%-6% van ons afgestudeerdes kan op gelyke voet meeding met afgestudeerdes uit meer ontwikkelde lande;
- Suid-Afrika het die swakste gevaar uit meer as 50 lande wat deelgeneem het aan internasionale opvoedkundige opnames oor lees-, wiskunde- en wetenskapsvaardighede (PIRLS & TIMMS); en
- Ons het selfs swakker gevaar as 13 ander lande in Suider- en Oos-Afrika wat aan ʼn opname van Graad 6-leerders se lees- en wiskundevaardighede deelgeneem het.

Dít is die geval ondanks die feit dat Suid-Afrika finansieel heelwat beter daaraan toe is as die meeste ander Afrika-lande, en dat ons onderwysbesteding onder die hoogstes ter wêreld is – gemiddeld meer as 20%.

Vanjaar is 21% van die begroting aan onderwys toegewys, die grootste enkele lynitem op die minister van finansies, mnr Pravin Gordhan, se lys van nasionale uitgawes. Dít kom neer op R190-miljard in 2012/13 en R215miljard in 2013/14.

*But what do we get for these billions? If there is such a strong link between education and poverty alleviation, should we not have been better off by now?*

- Suid-Afrika se werkloosheidskoers is (amptelik) sowat 25%;
- Amper die helfte van ons jongmense is werkloos; en
- ʼn Kwart van ons bevolking van 50 miljoen voer ʼn sukkelbestaan onder die armoedelyn ($1,25 dollar per dag).

Dít is skokkende statistiek, maar dalk skuil daar ʼn verklaring – en dus moontlike oplossings – in die volgende syfers. Dit gaan oor ongelykheid.

- Suid-Afrika se welvaartgaping – die verskil in inkomste tussen die armstes en die rykstes, soos weerspieël in die Gini-koëffisiënt – plaas ons onder die 10 ongelykste lande ter wêreld.

Dié ongelykheid val met ras saam. Swart mense is oor die algemeen armer as wit mense. Alle rasgroepe se inkomste het gestyg – en daar is nou meer arm wit mense en ryk swart mense as in die verlede – maar die ou apartheidsfoutlyne loop nog diep.

*This is reflected in the youth statistics. Unemployment among young black Africans is three times worse than among their young white counterparts – 53,4% compared to 14,5%.*

Hoekom bestaan daar hierdie ongelykheid in ons samelewing, en hoekom val dit met ras saam? Ek dink nie mens kan ons apartheidsverlede ignoreer nie, insluitend die feit dat die onderwysbegroting – soos alles anders – vir baie lank skeefgetrek was.

Maar apartheid is al in 1994 beëindig, en hoewel die ekonomiese nalatenskap nog voortduur, behoort ons teen dié tyd al beter vordering te gemaak het in die rigting van groter ekonomiese geregtigheid.

*We should also be getting a better return from the fifth of our national budget that goes into education annually. The bulk of this money is spent on salaries.*

*But before we blame teachers, we should remember that they – like all workers – deserve fair wages.*

*The crucial question is how the system is managed. How is education administered? Clearly not efficiently enough. The quality of our education needs to be improved to break the cycle of poverty.*

Prof Servaas van der Berg het bevind die probleem is dikwels op skoolvlak:

- Leierskap: Waar goeie skoolhoofde skole goed bestuur, gaan dit gewoonlik beter.
- *Poor accountability structures are a problem.*
- *Low motivation levels of teachers too.*
- En een van die grootste probleme is assessering. Die meeste onderwysers daag hul leerlinge gewoon nie genoeg uit nie.

**Sistemiese, langtermyn intervensie**

Maar om in ons armoedebekamping net op onderwys te fokus is te eenvoudig, te instrumenteel, sê die Dekaan van Onderwys aan die US, prof Yusuf Waghid. 'n Meer sistemiese benadering is nodig wat na 'n hele rits sosio-ekonomiese oorsake van armoede kyk.

Tweedens, moet 'n dinamiese leer- en leeskultuur in die samelewing gevestig word. Daarsonder gaan onderwys maar bly sukkel. En dít is 'n langtermynprojek en is nie net skole se verantwoordelikheid nie, maar ook ouers en ander rolspelers s'n, soos die kerk.

Derdens, sê prof Waghid, moet daar 'n mate van herverdeling plaasvind ten einde armoede te verlig. Laat individue, skole, universiteite – en kerke – wat geld, tyd, fasiliteite en ander hulpbronne het, gee aan dié wat nie het nie. Laat ons mekaar help. En nie omdat ons moet nie, maar omdat ons wil.

Dít bring my by die kritiese ingesteldheid teenoor onderwys waarna ek aan die begin verwys het.

*The Brazilian educator Paulo Freire (1921-1997) is well-known for having secured a place for "critical pedagogy" within education. In his books,* Pedagogy of the oppressed *and* Pedagogy of Hope: reliving Pedagogy of the Oppressed*, he argues that the role of education is to empower people so that they may free themselves from oppression, poverty and injustice.*

*A critical pedagogy is a progressive pedagogy of transformation. It seeks to transform broken realities, and one of the tasks of the progressive educator is to "unveil opportunities for hope, no matter what the obstacles may be".*

*In his discussion of "critical hope", American educator Jeffrey MR Duncan-Andrade (2009) identifies three crucial elements.*

- *"Material hope" comes about as a result of high-quality teaching, which provides students with the resources they need to transform their reality.*
- *"Socratic hope" takes its name from Socrates' statement that "the unexamined life is not worth living". It asks of both educators and students to scrutinise their "lives and actions within an unjust society", however painful such a process may be; and*
- *"Audacious hope" demands of educators to show solidarity with the pain of their students, many of whom may be suffering the effects of "social toxins", such as poverty, discrimination and violence.*

*These are things that every teacher and lecturer can apply, even as the system of education is overhauled.*

**Slot**

Ek het begin met 'n ou aanhaling van Francis Bacon, wat gesê het, "Kennis is mag". Ek sluit af met 'n meer onlangse aanhaling van oudpresident Nelson Mandela:

*"Education is the great engine of personal development. It is through education that the daughter of a peasant can become a doctor, that the son of a mineworker can become the head of the mine, that a child of farm workers can become the president of a great nation. It is what we make out of what we have, not what we are given, that separates one person from another." – Nelson Mandela, "Long Walk to Freedom"*

Benut ons ons geleenthede na wense? Onderwys kan armoede help bestry, maar is ons onderwys so goed as wat dit kan wees? Maak onderwys 'n onderdeel uit van alle strategieë om armoede te bestry? En stel ons ons leerders en studente in staat om van die wêreld 'n beter plek te maak?

**Aanbevelings**

Hier is enkele aanbevelings. Ons moet:

- Groter gelykheid skep – in die onderwys en die res van die samelewing; en
- Die gehalte van onderwys op alle vlakke – primêr, sekondêr en tersiêr – verbeter

*And we should:*

- *Ensure that more people go to school and university, and successfully complete their studies; and*
- *Make education more critical and hope generating*

Baie dankie.